BEDIENINGSGIDS 2025

Emmie Hartmannstraat 285
012 361 3618 | 072 701 9385
www.nggars.org.za

Algemene inligting

BEDRYFSBESTUURDER
Ronnie Stanton
bestuur@nggars.org.za

FINANSIES
Helena van Tonder
info@nggars.org.za

ADMINISTRATIEWE BEAMPTE
Natascha de Jager
admin@nggars.org.za

KANTOOR-URE
Maandag: 11:00 – 13:00
Dinsdag tot Vrydag: 08:00 – 13:00

EREDIENSTYE
Oggend erediens: 09:00
Aand erediens: 18:00
(Gedurende langnaweke en skoolvakansies is daar geen erediens om 18:00 nie)

KATEGESE
KruisKidz (Peuters tot Graad 6)
Kinders woon 'n gedeelte van die oggend erediens by voor hul na hul klassies verdaag
KruisFaktor (Graad 7 tot Graad 11)
Kinders kom om 17:00 bymekaar in klasverband en 18:00 volg die aand erediens.

NAWEEK KOSTER
Louis Fourie
076 423 2462

Leraar
Ds. Elzeth Pienaar
083 376 2814
elzethpienaar@gmail.com

Leraar
Ds. Jac Pienaar
061 417 7573
jacpienaar1@gmail.com

Gemeenteraad

Voorsitter	Claude Smit	083 564 3630	claudiussmit@gmail.com
Onder Voorsitter	Pieter van Zyl	082 336 5690	pietervz@ninedot.co.za
Leraar	Ds Elzeth Pienaar	083 376 2814	elzethpienaar@gmail.com
Leraar	Ds Jac Pienaar	061 417 7573	jacpienaar1@gmail.com
Skriba	Ronnie Stanton	082 771 1535	bestuur@nggars.org.za

Netwerkleiers

Aanbidding	Carl Schoeman	084 586 4937	schoeman.cs@gmail.com
Diensgetuienis	Isabella Carstens	083 657 9923	isabella.ice.carstens@gmail.com
	Michelle Raubenheimer	082 057 8370	ons4raubies@gmail.com
Digitaal (bediening)	Jaco de Lange	082 879 8057	jacodelange@mweb.co.za
	Anton Koekemoer	082 578 3834	anton.koekemoer1@gmail.com
Groei	Christa van Kerken	083 531 7145	cvankerken@gmail.com
	Gerrie Brink	071 388 5517	gerrie@nggars.org.za
Steunbediening	Ronnie Stanton	082 771 1535	bestuur@nggars.org.za
	Gert Oelofsen	082 783 3971	gert.ewes@gmail.com
Versorging	Amanda Groenewald	073 178 0513	amanda@netdentity.net

Visie en Waardes van die Gemeenteraad

VISIE:

Deur Christus – Met mekaar – Na die wêreld

WAARDES:

Ons glo dat 'n gemeente 'n geloofsfamilie is, waar almal welkom is en liefgehê word. Ons glo dat daar in ons geloofsfamilie mense met verskillende spiritualiteite en gawes is, maar wat steeds dieselfde passie moet hê vir God en God se koninkryk. Hartlikheid, eensgesindheid, getrouheid en betrokkenheid is belangrike kenmerke van ons geloofsfamilie.
Ons wil hierdie waardes uitleef deur die volgende gebruike:

Aanbid saam – Kuier saam – Groei saam – Dien saam

WAT GLO ONS:

Wie is GOD: Ons glo in die Drie-Enige God – Vader, Seun & Heilige Gees

Verlossing: Ons glo dat ons slegs uit genade gered word, deur te glo in Jesus Christus. Hierdie geloof leef in ons harte en moet sigbaar word deur ons dade.

Die Bybel: Ons glo dat die Bybel – die Ou en Nuwe Testament die Woord van God is, en dat dit die enigste riglyn is waarvolgens ons lewe. Jesus is die lewende Woord, Wie se voorbeeld ons wil volg, deur die Heilige Gees wat die Woord in ons harte laat lewe.

Dissipelskap: Ons glo dat Jesus ons roep om te groei in ons verhouding met Hom en om Sy koninkryk te soek. Ons word ook geroep om dissipelmakers van ander te wees.

Diensbaarheid: Ons glo dat God ons stuur om, deur die krag van die Heilige Gees, getuies van Hom in ons gemeenskap en wêreld te wees. Dit doen ons deur ander te dien, soos Jesus aan ons die voorbeeld gestel het.

Ons eredienste

By Garsfontein praat ons van ’n geloofsfamilie en dit is werklik wat ons wil wees. Elkeen van ons is deur God geroep om eerstens Sy kind te wees en tweedens in hierdie gemeente in Sy Koninkryk te werk. Die eredienste is ons familie se groot samekomste.
Ons eredienste is ook familie georiënteerd. Elke lidmaat, ongeag jou ouderdom of selfs verhoudingstatus, is deel van ons familie. Daarom is daar plek vir elkeen tydens die eredienste. Daar word voorsiening gemaak vir ’n verskeidenheid van ouderdomme, lewensfases, spiritualiteitstipes en behoeftes.

Die 09:00 diens word deur ’n musiekspan bedien wat uit verskeie instrumente en sangers bestaan. Elke diens word ingelei met ’n kindermoment, waarin die preek op ’n praktiese manier verduidelik word. Kinders is welkom in die diens en daar is spesiale plekke en aktiwiteite vir hulle.

Ons het ‘n aantal tieners en jongmense, asook lidmate wat by ’n meer kontemporêre styl van aanbidding aanklank vind, wat ons ook graag geestelik wil bedien. Daarvoor het ons die aanddiens ingeruim as 'n geleentheid waar hulle volgens hulle spiritualiteit en musiekstyl kan aanbid. Daarvoor het ons 'n aanddiens orkes wat begeleiding behartig met meer kontemporêre liedere - wat ook Engelse liedere insluit in hulle eie idioom.

Dit is die Musiekleiers se taak om te help met liedkeuses wat pas by die tema en doel van die eredienste, vorm van begeleiding en werwing en aanwending van instrumentaliste.

Dit is belangrik dat lidmate as familie mekaar se spiritualiteite en style van aanbidding sal akkommodeer en respekteer en die groter prentjie van eer aan God in gedagte sal hou wanneer die gemeente saamkom om die Here tydens eredienste te aanbid.
Dit is ook belangrik dat lidmate in die proses van akkommodering van mekaar eerder sal fokus op die innerlike gesindheid van lof en aanbidding van God, as die uiterlike vorm van aanbidding.

Die volwasse gemeente van Christus omhels die eenheid en verskeidenheid van die familie van Christus.

Mag Garsfontein groei in deurleefde en God gesentreerde aanbidding in al ons eredienste!

Netwerk Aanbidding omsluit alle aksies en funksies wat ons persoonlike aanbidding en openbare aanbidding in die eredienste raak.

GR Verteenwoordigers

Carl Schoeman | 084 586 4937 | schoeman.cs@gmail.com

Eredienshulp Die Eredienshulp Diensgroep oorsien alles wat met die eredienste in Garsfontein Gemeente verband hou. Dit sluit sake in soos opneem en tel van offergawes, nagmaalbediening, erediens hulpmiddele, alle sake rakende die oggend en aand eredienste. Ons doel is om deurleefde eredienste te bevorder waar mense waarlik 'n ontmoeting met die lewende God sal hê.	Frans van Niekerk 072 371 9899 fassievn@gmail.com	
Gebed Die Diensgroep vir Gebed sorg dat gebed altyd op alle vlakke 'n hoë prioriteit sal geniet in Garsfontein. Hulle reël spesiale gebedsgeleenthede, gebedsondersteuning vir lidmate en die uitstuur van SMS-gebede. Hulle kom ook op weeklikse basis byeen op 'n Dinsdagoggend om 06:00 vir gebed. As jy graag wil deel word van die gebedsgroep of iets op die gebedslys wil plaas, kontak die kerkkantoor.	Carl Schoeman 084 586 4937 schoeman.cs@gmail.com	
Estetika Hierdie diensgroep is verantwoordelik vir die skep van atmosfeer in die kerk. Die regte kleur lappe oor die kruis, kerse, simboliek, blomme en nog vele ander hulpmiddele word aangewend om ons fasiliteite funksioneel te versier. Vir elke erediens word daar ook beplan om die liturgiese ruimte funksioneel in te rig.	Michelle Raubenheimer 082 057 8370 ons4raubies@gmail.com	
Multi-Media Die Multi-Media Diensgroep is verantwoordelik vir die bestuur van ons kerkrekenaar en data-projektors, enige DVD aanbiedings in die dienste, klanktoerusting, "Power Point" aanbiedinge in die dienste, video-opnames en klankopnames. Met hierdie tegnologie wil ons ons eredienste verryk sodat die boodskap helder gekommunikeer kan word aan vandag se mens.	John Taylor 082 415 0802 john.taylor@bidvestfm.co.za	
Musiek Die Musiek Diensgroep bestuur alle sake wat verband hou met ons gemeente se orkeste, musiekleiers, voorsangers, aanbiddingsleiers, besoekende kunstenaars en kore, spesiale sangdienste, keuse van liedere en aanleer van nuwe liedere. Deur ons musiek wil ons bydra tot die lof van God in ons eredienste.	**Oggenddiens Musiekleier** Annelene Malan 083 966 1577 ann@musician.org **Aanddiens Musiekleier** Andy Swart 072 138 1192 Swart.andy@gmail.com	

Die Netwerk Diensgetuienis oorsien alle diens en missionaal georiënteerde projekte wat intensioneel gerig is op diensgetuienis en uitreike in die gemeenskap en verder. Hulle help ons ook om in al ons bedieninge missionaal gefokus te bly.

GR verteenwoordigers:

Isabella Carstens | 083 657 9923 | isabella.ice.carstens@gmail.com

Michelle Raubenheimer | 082 057 8370 | ons4raubies@gmail.com

Vlytige Hande Hierdie is 'n groep vroue wat weekliks bymekaar kom, Bybel lees en kreatiewe aktiwiteite beoefen. Hulle maak teddiebere, brei, maak geskenkpapier, boekies en "decoupage". As jy iets nuuts wil aanleer en geestelik wil groei is hierdie groep die ideale plek. Kom geniet Donderdagoggende saam met hulle.	Joy Hugo 083 978 3645	
Gasvryheid en Gawes Die Diensgroep vir Gasvryheid is verantwoordelik vir die verwelkoming en inskakeling van nuwe lidmate. Hulle reël geleenthede om nuwe lidmate 'n oriëntering van ons gemeente se funksionering te gee. Hulle verwelkom ook mense Sondae by die ingang van die kerk. As jy 'n passie het vir mense en 'n gawe het om hulle tuis te laat voel, kom help ons.	Elmien Schoeman 084 586 9458 Leslie Liebenberg 083 609 8727	
Dieu Donne - Garsfontein Tienerhuis Hierdie is ons gemeente se veilige vesting vir weerlose tienerdogters wat 'n heenkome nodig het. Kontak gerus vir Dawid Mouton as u betrokke wil raak by hierdie dogters.	Dawid Mouton 082 565 8376 dawidmouton@gmail.com	
Sendelinge & Spesiale Uitreike Ondersteuning van sendelinge, finansieël sowel as geestelik.	Vakant	
eSwatini/ VIGS Projek Ons is betrokke by die VIGS Projek van Dr Arnau van Wyngaardt en sy span in eSwatini. Kontak vir Otto Ueckermann in die verband.	Otto Ueckerman 071 352 7598 ottou09@gmail.com	
KOMPAS Kinderbediening LIG Kinderbediening is 'n interkerklike evangeliese organisasie wat weekliks behoeftige Afrikaanssprekende kinders in Danville, Proklamasieheuwel en Elandspoort bedien deur middel van Bybelklubs, vakansieprogramme en uitstappies. 'n Jaarlikse hoogtepunt is die kampe en borge is altyd nodig en baie welkom. Ondersteuning in die vorm van klere of enige iets wat deur `n minder bevoorregte kind benut kan word, sal waardeer word. Indien jy by hierdie hoogs bevredigende projek betrokke wil raak, kontak vir Louise Rossouw.	Louise Rossouw 081 552 3171 admin@ligkinderbediening.co.za	
Reënboog Projekte Hierdie projekte ondersteun behoeftige gemeenskappe. 'n Hele handvol kleuterskooltjies word deur ons gemeente aan die gang gehou in plakkersgemeenskappe. Senior burgers, groentetuinprojekte, mobiele klinieke en ons "Kids Klub" baat almal by die bydraes. Enige "rommeltjies" in jou huis kan ons gebruik: van koerante, tydskrifte, toiletrolletjies, prente en enige iets anders is van groot nut vir ons. Indien jy ons kan help met enige iets of betrokke wil raak by die uitsorteer van die skenkings, is jy meer as welkom. Ons benodig ook vrywilligers wat behulpsaam kan wees met die vervoer van die skenkings (1x per maand) na die gemeenskappe in nood.	Gerda Joubert 072 414 0304 gerdajoubert@gmail.com	

Netwerk Groei oorsien alle diensgroepe, aksies en projekte wat met toerusting en opleiding te doen het. Dit sluit die verbondsonderrig (kategese) in van ons junior en senior jeug, asook alle ander toerustingsgeleenthede wat Netwerke mag beplan en aanbied vir die gemeente

GR verteenwoordigers:

Christa van Kerken | 083 531 7145 | cvankerken@gmail.com
Gerrie Brink | 071 388 5517 | gerrie@nggars.org.za

Jeugleier/Studente/Jong Volwassenes/Kategese Die Jeugleiers is oorhoofs verantwoordelik vir die geestelike versorging van ons jongmense. Kontak hulle gerus vir die registrasie van u kind by die kategese. Ons kategete en jeugleiers strewe daarna om aan elke kind / jongmens 'n geestelike tuiste te bied in groepverband.	**KruisKidz** - Peuters tot Graad 6 **Anette Kemp** 084 586 0926	
	KruisFaktor - Graad 7 tot Graad 11 **Gerrie Brink** 071 388 5517 gerrie@nggars.org.za	
Enkelouers Kursusse/geleenthede word gedurende die jaar van tyd-tot-tyd aangebied vir enkelouers	Christa van Kerken 083 531 7145 cvankerken@gmail.com	
Groeigroepe Hierdie Diensgroep hanteer alle sake wat verband hou met ons gemeente se Groeigroepe. Wat dit alles insluit is die stigting van nuwe groepe, die opleiding van Groeigroepleiers, leiding ten opsigte van temas en die waarneem van teeskinkbeurte Sondae. Groeigroepe vir alle ouderdomme is beskikbaar waar u sommer gou tuis sal voel.	Jaco de Lange 082 879 8057 jacodelange@mweb.co.za	
Gesinsbediening Aktuele eredienste en verrykende geleenthede word aangebied. **Bybelstudie** Verskeie Bybelstudie geleenthede is tot u beskikking waar u kan groei in u kennis van die Woord. **Bybelstudies & Groeigroepe Dagboek** *Dinsdae:* Kruisvroue Bybelstudie om 09:30 in die koffiehuis *Woensdae:* Bybelstudie om 09:00 in die konsistorie *Donderdae:* Groeigroepe kom saans bymekaar *Vrydae:* Mannebediening om 05:30 in die konsistorie	**Ds. Elzeth Pienaar** 083 376 2814 elzethpienaar@gmail.com **Ds. Jac Pienaar** 061 417 7573 jacpienaar1@gmail.com	

Die Netwerk Steunbediening oorsien alle steundienste in Garsfontein. Die steundienste maak dit met hulle onmisbare bydraes maklik dat die Bedieningsnetwerke hul funksies kan verrig in ooreenstemming met die visie van die gemeente.

GR verteenwoordigers:

Ronnie Stanton | 082 771 1535 | bestuur@nggars.org.za
Gert Oelofsen | 082 783 3971 | gert.ewes@gmail.com

Diensverhoudinge Diensverhoudinge Diensgroep hanteer alle sake rakende die betaalde personeel van Garsfontein. Sake soos dienskontrakte, salarisse en diensverhoudinge word hier bestuur.	James Welman 082 782 7906 james@welman.co.za	
Fondse Die Diensgroep Fondse het die taak om alle finansiële inkomstes en uitgawes so te bestuur dat die saak van die Here ten beste daardeur bevorder kan word. Hierdie Diensgroep hou ook oorhoofs toesig oor alle fondsinsamelingsprojekte. Enige inisiatiewe rondom fondsinsamelings is welkom en u kan gerus vir Gert kontak.	Gert Oelofsen 082 783 3971 gert.ewes@gmail.com	
Bate Instandhouding Hierdie Diensgroep hanteer alle sake rondom die kerk-eiendom en tuine. Instandhouding geniet aandag en indien nodig word kwotasies ingewin en van professionele hulp gebruik gemaak. Van tyd tot tyd benodig ons persone soos argitekte, bourekenaars, elektrisiëns, loodgieters, ens. om hand by te sit.	Pieter van Zyl 082 336 5690 pietervz@ninedot.co.za	
Bedryfsbestuurder Die Bedryfsbestuurder is verantwoordelik vir die volgende funksies: Fasiliteite en Batebestuur, Administratiewe Funksies, koördinering van Bedieninge en Algemene en Menslike Hulpbronbestuur. Die Bedryfsbestuurder is ook verantwoordelik vir die kostertake gedurende kantoorure	Ronnie Stanton 082 771 1535 bestuur@nggars.org.za	
Kerkkantoor Die Diensgroep vir Kommunikasie word hoofsaaklik bedryf deur die kerkkantoorpersoneel en leraarbediening. Kommunikasie geskied gereeld by wyse van die elektroniese Familienuus, whatsapp. Die administratiewe beampte hanteer alle lidmaatskap aangeleenthede. Indien jy graag artikels skryf, kan jy ook gerus die kerkkantoor kontak. Alle finansiële sake in die kantoor word hanteer deur Helena van Tonder.	**Administratiewe Beampte** Natascha de Jager admin@nggars.org.za **Finansiële Beampte** Helena van Tonder info@nggars.org.za	

Die Netwerk Steunbediening oorsien alle steundienste in Garsfontein. Die steundienste maak dit met hulle onmisbare bydraes maklik dat die Bedieningsnetwerke hul funksies kan verrig in ooreenstemming met die visie van die gemeente.

GR verteenwoordigers:

Ronnie Stanton | 082 771 1535 | bestuur@nggars.org.za
Gert Oelofsen | 082 783 3971 | gert.ewes@gmail.com

Kommunikasie. Kommunikasie speel 'n belangrike rol in ons gemeente. Ons maak gebruik van verskeie platforms om seker te maak ons gemeentelede bly ingelig. **Digitale- en sosialemedia.** Sosialemedia speel 'n groot rol in hedendaagse tyd en ons wil poog om so die gemeente ook op hoogte te bring van al die gebeure in ons gemeente, maar ook die gemeenskap bereik om ook sodoende 'n verskil te maak.	Natascha de Jager 072 701 9385 admin@nggars.org.za	
IT (Informasie Tegnologie) Die Diensgroep vir IT bestuur alle sake rakende die volgende aktiwiteite: Instandhouding van bestaande IT dienste:Kerkkantoor (rekenaars, epos & internet) en Gemeente webwerf (instandhouding en uitbreiding). Ondersteuning van kerkkantoor ten opsigte van IT behoeftes:Hulle verseker dat rugsteun in plek is; Optimale funksionering van IT dienste: rekenaars, drukkers, e-pos en internet; hernuwing van tegnologie: Vervang van rekenaars, drukkers ens; Ondersteuning van multi-media; Ondersteuning van rekenaartoerusting; bystand ten opsigte van vernuwing van tegnologie; innovering en identifisering van nuwe tegnologie wat tot voordeel van die gemeente aangewend kan word.	Theuns Vorster 083 783 6328	
Tuine Hierdie diensgroep bestuur ons tuine sodat daar altyd 'n aangename en rustige atmosfeer heers op ons terrein.	Elmien Schoeman schoeman.el@gmail.com	Foto volg binnekort
Naweek koster Oop- en toesluit van die Kerkgebou oor naweke vir funksies en eredienste	Louis Fourie 076 423 2462	
Skoonmaker en Tuinier Sorg vir die daaglikse handhawing en skoonmaak van die Kerkgebou en tuine.	Minie Mthimunye Jefta Muteveri	

Netwerk Versorging wil graag aandag gee aan die emosionele, fisiese, praktiese én geestelike versorging van ons lidmate. So wil ons help dat die Stroom heling binne die gemeente bring voor dit uitvloei na buite. Netwerk Versorging sluit alle aksies in wat die geestelike groei en versorging van ons gemeente in die oog het. Hier word gefokus op geestelike verryking uit die Woord en koinonia.

GR verteenwoordigers:

Amanda Groenewald | 073 178 0513 | amanda@netdentity.net

Elengos In Grieks beteken elengos om "om meegevoel te hê". Dit is waarna hierdie groep strewe. Ons skakel en/of besoek lidmate wat siek is of wat enige trauma beleef. Ons ondersteuning is fisies van aard, asook emosioneel, psigies, geestelik en finansieël. Ons nooi enige persoon wat in nood is om ons te kontak. Ons kan onder andere ondersteun met kos en klere. Alle sake word konfidensieël hanteer. Ons vergader elke tweede Dinsdagoggend om 09:30 in die konsistorie. Ons missie is om werklik ons ondersteuningsrol uit te leef. Kom ons gee om vir mekaar.	Anette Kemp 084 586 0926	
Teeskink Na die Sondagoggend eredienste word daar heerlike koffie en tee bedien en in die somer is daar ook lekker koue sap. Hierdie diensgroep is verantwoordelik om teeskink geleenthede te koördineer om te verseker dat ons lidmate 'n koppie lafenis geniet en lekker saam kuier, tydens gemeente byeenkkomste. Hierdie diensgroep sorg ook vir die vertroosting van 'n koppie koffie/tee met begrafnisse.	Chellie du Plessis 082 692 7489	
Mannebediening Hierdie Diensgroep verskaf aan die manne die nodige toerusting en vaardighede om manwees by die huis en werk te kan uitleef.	Joep Joubert 083 581 7354	
Diamante (Snr Lidmate) Die Diensgroep vir die Diamante lei die diens gerig aan ons senior lidmate in ons aftreeoorde en in die res van die gemeente. Hierby word ingereken die weeklikse Bybelstudie vir seniors, Senior Lidmate Pinkster, uitstappies, toere en onderlinge ondersteuning.	Susan Joubert 082 416 8541	
CMR Verteenwoordiger	Leonie van den Heever 082 321 1908 vdhleo28@gmail.com	

Garsfontein Gemeente se standpunt rakende selfdegeslagverhoudinge en ander teologiese leerstellings

Garsfontein Gemeente bely (in ooreenstemming met die Algemene Sinode van 2007) dat:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.

2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.

3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.

5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.

6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Die Gemeenteraad erken dat daar lidmate in ons eie geloofsfamilie is, wie se persoonlike oortuiging van hierdie standpunt mag verskil, en wie self met hierdie vraagstuk worstel (hetsy persoonlik of ter wille van naby familie/geliefdes). Daarom nooi ons u as lidmaat om met vrymoedigheid te gesels met enige van die leraars, of lede van die Gemeenteraad. Die Gemeenteraad bevestig dat Garsfontein Gemeente 'n geloofsfamilie is waar alle persone – ongeag seksuele oriëntasie/taal/kultuur/agtergrond – welkom is as lidmate van die gemeente en lede van die kerk van Jesus Christus. Ons gemeente wil en sal 'n liefdevolle ruimte vir alle persone wees.

Die Gemeenteraad neem ook kennis van verskille/geskille in die NG Kerk rondom verskillende geloofsoortuigings en teologiese opleiding. Die Gemeenteraad bevestig hiermee opnuut weer dat die Woord van God en die gereformeerde belydenis – soos in die belydenisskrifte van die NG Kerk verwoord – die ware Christelike leer is, en verwerp enige leerstellinge wat hiermee verskil of bevraagteken. Garsfontein Gemeente glo:

...in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ons glo in die Heilige Gees. Ons glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Saam in diens van Jesus Christus
Die Gemeenteraad van NG Garsfontein Gemeente

Nota's